

Verandering van die klem op uiterlike wetsonderhouding na die innerlike wet van liefde en die ontwikkeling van die vrug van die Gees

“Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet...” (Heb 7:12).

“ ‘n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34, my beklemtoning).

Nêrens in die Ou Testament word daar iets oor ’n wet van liefde gesê nie. Sou daar wel iets daarvoor geskrywe wees, sou Jesus mos nie kon gesê het dis ’n nuwe wet nie.

Hierdie wet van liefde word in die Nuwe Testament die koninklike wet genoem (Jak.2:8).

Oor hierdie wet het Jesus die volgende te sê gehad:

*“Jy moet die Here jou **God liefhê** met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet **jou naaste liefhê** soos jouself. Aan hierdie twee gebooi hang die hele wet en die profete” (Matt.22:35-40, my beklemtoning).*

Om te dink dat die lywige Ou Testamentiese wetsissteem met meer as 600 wette deur Jesus met een eenvoudige wet, die wet van liefde, vervul word! Deur gehoorsaamheid aan hierdie wet word aan al die verwagtinge van God voldoen. Dit is wat Paulus die Galasiërs wat weer na wetsonderhouding wou terugkeer, wou laat verstaan; dit is nie meer nodig om Ou Testamentiese wette te probeer onderhou nie,

“want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Gal 5:14).

Petrus brei ook oor hierdie nuwe wet uit en verklaar dat vurige liefde vir jou medemens “...’n menigte sondes sal bedek” (1Pet.4:8). Die Amplified Bybel verduidelik dit mooi:

“...for love covers a multitude of sins [forgives and disregards the offences of others]” (1Pet.4:8).

Die verskil tussen die rigiede onderhouding van Ou Testamentiese wette en die uitleef van die Nuwe Testamentiese wet van Liefde word deur Jesus deur middel van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan geïllustreer:

*“’n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê. En bygeval het ’n priester met daardie pad afgekom, en **toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby**. En net so het ook ’n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en **anderkant verbygegaan**. Maar ’n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkier gehelp en hom na ’n herberg geneem en vir hom gesorg” (Luk.10:30-34, my beklemtoning).*

Gewoonlik word die priester en die Leviet as gevoelloos beskou omdat hulle albei aan die anderkant van die gewonde man wat in die veld gelê het, verbygegaan het. Wat nie in ag geneem word nie is dat die priester en die Leviet se gedrag hoogswaarskynlik beïnvloed is deur hulle gehoorsaamheid aan die Joodse wette waarin hulle as priesters opgelei was. Hulle moes dus bewus gewees het van die bepaling wat in **Num.19:16** opgeteken is:

“En elkeen wat in die oop veld aan iemand raak wat deur die swaard verslaan is, of aan ‘n dooie of aan ‘n mens se doodsbeen of aan ‘n graf, sal sewe dae lank onrein wees” (Num. 19:16).

Jesus illustreer die genadelose gesindheid wat deur rigiede, uiterlike wetsgehoorsaamheid veroorsaak word deur dit te kontrasteer met die simpatieke gedrag van die barmhartige Samaritaan wat deur die Jode as onrein beskou is.

Is daar miskien betekenis in die feit dat die olie en die wyn wat die Samaritaan gebruik het om die wonde van die gewonde man mee te behandel, simbolies na die genesende invloed van Nuwe Testamentiese waarheid kan verwys? (Wyn word simbolies met die instelling van die Nuwe Testament geassosieer en olie verteenwoordig gewoonlik die Heilige Gees en genesing – **Matt.26:27-29, Jak.5:14**)

Een van die redes hoekom die Joodse godsdiensteleiers Jesus uit die pad wou hê, was omdat hulle hom as ‘n wetsoortreder beskou het. Hy het byvoorbeeld, onder andere, die Ou Testamentiese voedselwette geïgnoreer deur te verduidelik dat niks wat van buite af in die mens ingaan, hom onrein kan maak nie. Daardeur het Hy, in teenstelling met wat in die wet opgeteken staan, *“...alle kos rein verklaar” (Lev. 11, Mark.7:14-23)*. So ook oortree Hy die verbod om aan lyke te raak deur die weduwe van Naïm se afgestorwe seun op te wek (**Lev.22:4, Luk.7:11-14**).

Slotsom

“Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4).

Nick Maartens
0827826074